

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
emys04@gmail.com

Dr. C. Saayman, Kaapstad
saay@sales.co.za

Medewerker

Ds. J. van der Linden, Johannesburg
jopie1975@gmail.com

Julie 2009 **Nommer 79**

INHOUDS OPGAWE

Hoereloon as bruidskat?

- Die reformasie van onderwys -

...1

God regeer ook ongelowiges

...5

Calvyn en die inrigting van die kerklike lewe

...6

Verandering van my lewe

...9

Eenvoudig Gereformeerd

...10

GB Nuus

...13

'n Volk bely sy skuld

...13

Hoereloon as bruidskat?

- Die reformasie van onderwys -

ALA Buys

(Onderstaande artikel is geskryf in die vorm van 'n regspraak. Die Skriftuurlike beeldspraak van man en vrou word gebruik as verwysing na Christus en sy bruid, die kerk. Die regspraak gaan oor hoe die vrou (die kerk) met die Man (Christus) se kinders omgegaan het, spesifiek gerig op die onderwys van die Man se kinders.

Die konteks van 'n regspraak (in die artikel) bring dinge uiteraard baie skerp na vore. So hoort dit immers in die hof?

Na 'n tyd waarin daar baie gepraat is oor die verval van die onderwys in ons land, het baie Christenouers ondertussen al weer vrede gemaak met die situasie.

Die redaksie plaas hierdie artikel in die hoop dat ons as verbondsouers weer sal beseef dat ons met die Man se kinders werk.

Kontak gerus die ARSO-kantore as u verder hieroor wil dink en praat – Tel nr 012 332 3222).

Geval, geval het die bruid, want sy het haar Man se kinders aan die hoere gegee om groot te maak, in die stad met die baie poorte, poorte vol onreg.

Jou Maker¹ is jou Man, skoonste bruid. O weier nie, jy wat die bruidсроep² hoor. Jou Makerman maak 'n twissaak³ aanhangig met jou, versierde, gekoesterde⁴ bruid. Op grond van die ewige verbond⁵, hoor die profetestem van die Koning-Priester: Waar is my kinders⁶ wat Ek aan my, aan ons Vader, wil en moet⁷ voorstel?

Antwoord tog skoonste onder die vroue, uitgekiesde, het jy op jou eie vlees ag gegee? Antwoord! *Wat het jy met die kinders gemaak?* Die gedoopte kinders met die afgemerkte verbondsteken op hulle koppe, hulle slim en dom koppe. *Wat maak die kinders daar?*

Kapitalisties afgerig

Die kinders leer, my Heer. Hulle leer 'n beroep meneer. Is dit dan nie wat u wil hê nie, dat ons kinders kan lees en skryf en werke het. Is dit dan nie

waarvoor ons gered is nie: om op aarde U koninkryk te laat kom deur die kapitalistiese sisteem met hart en siel en niere te ondersteun? Ons moes tog tèn die aaklige godlose kommuniste stry, ook vir die hart en verstand van ons kinders. 'n Vrye mark is ons waarborg teen die sotternye van sosialiste en die toi-toi tirades. Laat tog die kinders leer, my Heer, om hulle beroep te oefen. Laat hulle afgerig word om hulle plek in die vrye mark vol te kan staan. Standaarde, laat hulle hulle volle potensiaal ontwikkel, laat hulle reg afgerig word vir die beroepswêreld. Tyd is geld, en geld is goed, en goed moet baie wees. Want ons kinders is verbruikers – ook van u genade. Laat hulle baie leer van die kapitalisme, my Heer, tot U eer. Leer U Heer, my regte weë aan.

Wie leer?

Stilte in die hof.

Laat die vrou sê wie die kinders leer.

Hoe bedoel meneer? Enige iemand kan die kinders leer. Enige een wat weet, as hy sy vak ken, sy graad geraamd besit, kan hy maar die kind leer, meneer. Tel en skryf en redeneer, meneer. Die standarde is goed, die kinders ontwikkel mooi, vir hulle werk, vir hulle beroep, hier of oorsee.

Wat word geleer?

Laat sy sê wat die kinders leer.

Die vraag maak so bietjie seer meneer. Kyk ons probeer ons bes om te keer. Dis nie meer soos in die goeie ou dae nie. Toe kon jy jou kind... *Stilte vir die hof* ... ekskuus, my Heer, dis eintlik U kind. Maar in elke geval, tòe kon jy die kind met 'n houtgeruste hart by die skool aflaa. En na verloop van tyd weer oplaai. Want die minister was van ons mense en ou dominee vir al die jare voorsitter van die beheerraad. Dinge het mooi geloop. Geklas, gekerk, getroud, gewerk – dinge het toe reg uitgewerk.

Maar nou my Heer, nou's dit bietjie anders. Ag, u weet, hulle kry nou matriek, moet so bietjie lank wag vir die uitslae, maar darem. Maar dan: wat maak hulle nà matriek. Daar's nie werk nie. Regstel is weg tel. Dan vlieg hulle maar agter die werk aan. 'n Beroep is 'n beroep. Wat moet jy nou maak?

Mevrou, ken die kinders die Man, in sy amp?

Kan u die vraag herhaal ek verstaan nie – dis bietjie diep vir my.

Luister dan: Jou maker is jou Man.

Sy sê amen.

God die Skepper het alles gemaak.

Sy sê nog amen.

Hy het sy Seun – as Hoof oor alle dinge – aan die kerk gegee.

Weer amen.

Die kerk is die liggaam van Christus.

Amen.

Die Seun is die Hoof van die kerk, sy bruid.

Amen.

Die Seun woon deur die Heilige Gees in die bruid en versier haar met gawes as gawe.

Amen, ja, amen.

Die Seun is koning, profeet en priester.

Sy sê amen weer 'n keer.

Jesus Christus is die gesalfde. Die Seun is gesalf as die Heilige. Die bruid deel in sy salwing en weel⁸ alles. Die bruidegom leer in die bruid ook die nageslag van die groot werke van God. Hy is die hoogste profeet en leraar. Die onderrigwerk van die kerk is die profetiese werking van die Koning-priester.

Daar kom 'n halfuur stilte op aarde.

Wat sê sy?

A-hem, 'n keelskoonmaak.

Laat die bruid die bruidegom antwoord *wat sy sy kinders leer oor die groot dae van God.* Laat sy antwoord *waarmee sy besig is* terwyl Hy besig is om sy kinders, deur wedergeboorte verwek, aan sy Vader voor te stel. Hy is besig om hulle name te leer, om as 'n koninkryk van priesters⁹ te profeteer: namens Hom – in sy eie Naam – in wie hulle gedoop is.

Die Leraar leer: Die Naam van God wat geheilig moet word, die name waarmee hulle deur God genoem word, hulle roeping en die benaming van al God se werke. Hy leer hulle die gedenknaam van God, dat God historiese reg het op sy hele skepping. Hulle moet dië Naam en name leer profeteer. Vra die môresterre maar.

Laat sy die intieme vraag antwoord: *Wat leer die kinders van My, my vrou?*

**Die broederlike manier waarop ons praat,
mag nie waarhede verswyg nie**

- K Schilder

Maar dominee behartig mos die belydenisklas? Knap man, hoor. Die gewillige susters beleer die kleintjies – natuurlik nie te lank nie, jy weet hoe die televisie geslag se kort konsentrasie is. So dis prentjies en dinge om dit vir hulle lekker te maak. Mens moenie die kinders ‘n renons in die kerk gee nie, netnou kom hulle nie meer nie. En die twee wyse ouderlinge behartig behendig nou al lank die voor-belydenisklasse. En ons sorg dat die skool elke Maandag met Skriflesing en gebed geopen word. Maar die hoof wil nie meer hê daar moet iets oor die Bybel gesê word nie, daar was mos so ‘n bohaai laaskeer oor die charismaat wat die saal gesalf het en die een beseerde vleuel se been reggebied het. Ook maar beter so, so veel hoofde soveel sinne, jy weet. En ek hoor die twee Moslempies in graad elf wil kwansuis elke tweede maand die Imam in laat kom – dit sal die nag wees. Die kerkraad is diep bekommerd oor die verwikkeling. Ons sal ook maar ‘n soort skool kappelaans periode moet kry, maar dominee het klaar gesê sy tyd is knap om al die skole te dien(s). Man, as jou kind in jou eie huis reg opgevoed is, sal hy hom kan handhaaf in die wêreld. Mens kan hulle nie in kwarantyn grootmaak nie. So ons probeer die katkisasie, ons probeer darem. Wat moet ons maak as die hoof die Hoof oor die hoof sien? Ja, gelukkig bly my bruidsgebed, „ja, kom gou Here, Jesus,“ my kosbare skat. Hulle sal dit darem nie van my kan wegvat nie.

Laat die bruid gedurigdeur bid. Laat sy biddend antwoord – en bely dat die kinders geleer het: ‘n Bietjie baie weg van U, en baie bietjie van U.

Ordelijke onderrig

Stilte, stilte in die hof. Daar is nog vrae op die hofrol.

Laat sy antwoord: *Wat is die volgorde van onderrig – watter boeke gebruik die kinders? Watter woordeboek het voorrang by haar?*

Sy sê die boeke word nie voorgeskryf deur die staat nie, maar die uitkomst word wetlik vasgelê. Dit waarby die kinders dus moet uitkom is deur die wet voorgesê, en die onderwyser kan self kies met watter handboek hy die kinders voorsê om die uitkoms te bereik.

Korrek. ‘n Leerplan wat pas by die wetboek, en ‘n handboek wat pas by die leerplan.

Laat die bruid antwoord of sy weet watter boeke haar Man gebruik?

Sy weet, my Heer, sy is tog gekatkiseer. Sy leer God, haar Maker, ken uit twee middele, die Skriftuur en die natuur.

In daardie volgorde?

Die dame blaai vinnig, asof sy weet waar iets vergete staan, in ‘n blinkgroen psalmboek. Sy sê: „In N.G.B. 2 staan: *Ons ken Hom deur twee middele. Ten eerste deur middel van die skepping ... ten tweede maak Hy Hom deur sy heilige en Goddelike Woord nog duideliker en meer volkome bekend...*“ In die begin het God die hemel en die aarde geskape deur die Woord en Gees. Dan is sy Woord ook neergeskryf, en sy Woord het ook vlees geword. God het eers gepraat en gesê: Laat daar lig wees, en daarna het Hy dit laat neerskryf. Askuus, die volgorde is dus eerste die boek van die Skepping, geskryf, gesprek deur God self en ten tweede sy Woord, geskryf en gesprek deur God se self.

Voorgeskrewe handboeke

As die bruid nou moet sê *hoeveel boeke het die Leermeester, waarmee hy sy kinders onderrig?*

Twee, my Heer. Die natuur en die Skriftuur. Dit rym nogal.

Sou die bruid sê dis ongerymd om ten eerste klem op katkisasie te lê om die onderwysverval te keer of te reformeer?

Sy dink ‘n bietjie, ook oor dominee se vrou by die skool, en al die ander belydende lidmate in die staatskool en sê dan klein voor God: ons leer mos die kinders van die skepping, ons haal mos waar ons kan die ewolusieleuen uit die gepaste handboek, ons keer mos so waar ons kan...

Skielik raak haar gemoed vol en sê saggies deur ‘n traan: Weet jy hoe moeilik dit is om tans ‘n christen in die skool te wees? Die klasse word al hoe voller en die dissipline...

Daar is ‘n regtelike frons. Laat sy sê *wie is die “jy”* as haar traanwoorde sê: “Weet jy hoe moeilik dit is.....”

Sy dink diep na oor die vraag, tē uitgeput vir woede met die boodskappers. Sy dink na oor wie vra haar al hierdie vrae. Dis tog ‘n mens, met ‘n aardse stem. En tog is haar gewete, haar medewete met die Gees

**Geskiedenis is die storie
wat deur die vinger van God geskryf word**

- CS Lewis

van God, diep daarvan oortuig dat die vraagstem 'n hemelse stem het. Dit moet God wees wat die vrae vra: Die God-mens Christus, Koning-priester se profetiese stem wat vra: *Wat het jy die afgelope tyd met my verbondskinders gemaak?*

En sal daar 'n bewustheid by haar, die bruid, hier en elders kom dat die hemelse vraag op aarde nie 'n vraag is soseer na die uitbreiding van gereformeerde onderwys nie, maar dat dit 'n vraag is oor die noodsaak van die reformasie van *alle* onderwys.

Christus as skoolhoof

Wat is die implikasie daarvan as Jesus Christus, die Seun van God, die Seun van die mens, as Koning-priester in die onderwys van die mensdom as hoogste profeet en leraar kragtig – almagtig – in ons tyd wil optree? Aan Hom is gegee alle mag, in die hemel en op die aarde en in die skool. Hy is die Hoof van die heelal. Hy is dus die Hoof van die skool. Die Hoof van alle onderrig. En Hy wil alle mense leer met 'n plan van 'n plan. Gaan heen na almal, sê die Hoof van die heelal, en as sodanig as Hoof van die kerk, aan sy bruid, gaan heen en leer¹⁰ hulle alles wat Ek julle beveel het.

Kindermoord

Dink jy, bruid van die bruidegom, dat jou Maker, wat jou Man is, dink jy Hy bedoel nèt katkisasie en sending, terwyl sy eerste leerboek, sy volgordelike leerplan, ten eerste die skepping is? Dink jy nie jy verwaarloos die kinders, sy kinders wat verbondelik gebind is aan sy amp by die doopvond, as jy heidene toelaat om jou – nee sy kinders – sy gedoopte kind iets te leer nie? Mag 'n heiden (met of sonder 'n beheerraadspous) 'n gedoopte kind iets leer? Jesus Christus is die Waarheid. Hy het sy lewe vir sy bruid afgelê. Hy leer sy kinders self in jou huis want Hy is Seun oor¹¹ sy huis. Hy is getrou. Sal Hy net 'n halfuur katkisasie per week gee, as sy Vader se skeppingsboek die eerste voorgeskrewe werk aan die mensdom is? Sal Jesus Christus ooit een van die kleintjies¹² laat struikel, deur aan hulle 'n handboek voor te skryf wat in die minste die ruimte laat, of openlik sê, dat sy Vader niê die skepping gemaak het nie? Het Hy dan nie sy bruid geleer dat die satan die leuenaar – en mensemoordenaar van die begin af was nie. As

iemand nie in Jesus Christus glo nie, is jy 'n heiden, is jy per definisie 'n leuenaar en neem jy deel aan die kindermoord van die satan.

Dink jy skoonste bruid, dat satan net deur Herodus kinders wou vermoor? Of dink jy nie dat die satan alle kinders van God haat en hulle met sy leuens wil verwoes nie? Dink jy nie dis 'n Godskreie skande dat heiden leuenaars – wat sogenaamd gegraduateerd is, gehuur word om gedoopte kinders af te rig nie? Wetenskap en wiskunde en aardrykskunde, MSW, LLG en al die benamings, dink jy regtig Christus laat jou toe om sy gedoopte kind – waaraan Hy sy erewoord gegee het by die doop – dat Hy jou toelaat om sy kind aan 'n heiden oor te laat vir onderrig van enige aard in enige vak net omdat jy jou ore uitgeleen en uitgeleun het aan die kapitalisme?

Watter leuen van die kapitalisme?

Dat beroep nie roeping hoef te wees nie. As God jou kind - vir die soveelste keer, sy seun of sy dogter, waaroor Hy jou as ouer aangestel het - roep om 'n veearts of kunstenaar of lorriedrywer of watookal te wees, as Hy roep, dink jy vir een oomblik Hy sal die voorbereiding van daardie heilige roeping aan 'n heiden uitkontrakteer?

Hoe bedoel U dan nou: dat beroep en roeping nie dieselfde is nie?

Ja, ja, ja, duisendmaal ja. En as God se Seun die onderrig behartig, dink jy ons mag met lae standaarde wegkom?

Maar wat van algemene en besondere genade? En? Wat daarvan – daardie onderskeid word nie deur God gemaak nie. Hy koester sy bruid. Hy is heilig oor haar. Hy haat die leuen. Hy laat die kleintjies nie onder sy oë uit nie. Hulle¹³ kinderoppassers, voor skool, op skool en na skool, is sy heilige engele. Sy bruid is in Christus uitgekies. Hy leer haar nooit sonder sy verbond nie. Hy laat geen wêreldling, geen addergeslag, toe om die saad van die vrou te onderrig nie.

Leraar van kerk en skool

Daarom het Hy deur die Heilige Gees en Woord genadegawes, charismata, aan sy kerk gegee. Onder andere die diens om profeties ander te leer. Dit omspan die hele onderrigamp van die kerk – ook met betrekking tot die skool. Jesus Christus, die

To believe means that man must not rely on what he is, or can be, or shall be, nor on what he does or can do, nor on what he feels or does not feel, but to rely solely on what Christ has done, is doing and shall yet do - C Spurgeon

Man in sy amp, is ons hoogste profeet en leraar. As die Woord van God gee Hy gawes deur die Gees aan die kerk, sy bruid, van wie Hy die Hoof is. Die gawes¹⁴ moet uitsluitlik onder sy Koningsamp funksioneer. Jy mag nie leer wat jy wil nie, Hy gee jou twee handboeke. Jy mag nie leer wie wil nie. Hy leer die gedooptes, die verbondelinge uit die twee boeke. Hy wil die mensdom leer alles wat Hy sy gedooptes beveel het – onder andere dat hulle nie kinders met leuenblootstelling geestelik mag molesteer nie – daarvoor moet hulle eers sy volgelinge, sy dissipels word.

Jesus Christus is die Hoof van alle dinge, die Hoof van die staat, die Hoof van die huwelik en gesin, die Hoof van die skool, die Hoof van alle sigbare en onsigbare dinge – en as Hoof van alle dinge, is Hy as Hoof van die kerk, sy bruid, gegee. Watter deel van God se skepping is nie God s'n nie, watter deel het sy gedenknaam nie iets mee te doen nie?

Wat leer die kerk die mensdom, wat het van die bruid se onderrig-taak geword? Wat leer die wêreld? Wat kan die wêreld die kerk leer? Die onderrigtaak van die bruid het sy uiteindelik verskraal tot katkisasie en dikwels nog net verlossingskategeese. Sy het begin dink sy kan in God se plek optree as voog vir sy kinders, terwyl Jesus Christus nooit sy amp oorgedra het aan haar nie. Christus is die hoogste profeet en leraar. Hy leer die kinders as Woord, ewig, vleesgeword, skeppingsmatig, neergeskryf en gepredik.

Kom suster, profetes, bruid van Christus, jy wat vir jare lank dink jy kom jou doopsbelofte knap na, binne of buite die staatskool. Antwoord diè heilige vraag: *mag 'n heiden jou kind iets leer, in enige iets afrig?* As dit waar is dat Jesus Christus heidene die reg ontsê om sy kinders iets van die skeppingswoord of verlossingswoord te leer: sê dit dan! Dan het die reformasie van onderwys hier begin. Dan hoor ons die engel en dit word ons profetiese wekroep: Geval, geval¹⁵ het Babilon, die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery.

'n Bruid is nie 'n hoer nie. Sy verwar nie haar bruidskat met hoereloon nie.

¹ Jes 54:5 „Want jou Maker is jou Man; HERE van die leërskaare is sy Naam; en die Heilige van Israel is jou Verlosser. Hy sal die God van die hele aarde genoem word.“

² Ps 45:11ev „Hoor, o dogter, en kyk en neig u oor, en vergeet u volk en die huis van u vader; en as die Koning u skoonheid begeer – want Hy is u Heer -

buig u dan voor Hom neer.“

³ Hos. 2:1 „Twis met julle moeder, twis; want sy is nie my vrou nie, en Ek is nie haar man nie, en laat sy haar hoerery van haar aangesig verwyder en haar owerspel van haar borste af weg.“

⁴ Ef. 5:29 „...voed en koester dit, net soos die Here die gemeente.“

⁵ Jes. 24:5 „Want die aarde is onheililig onder sy bewoners; want hulle het die wette oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek.“ Vgl. ook Jer. 31:31.

⁶ Heb. 2:11-13 „Want Hy wat heilig maak, sowel as hulle wat geheilig word, is almal uit Een; om hierdie rede skaam Hy hom nie om hulle broeders te noem nie, wanneer Hy sê: Ek sal u Naam aan my broeders verkondig, in die midde van die gemeente sal Ek U prys; en verder: Ek sal my vrou op Hom stel; en verder: Hier is Ek en die kinders wat God My gegee het.“

⁷ Kol. 1:28 „...Hom verkondig ons, terwyl ons elke mens vermaan en elke mens in alle wysheid onderrig, om elke mens volmaak in Christus Jesus voor te stel.“

⁸ 1 Joh. 2:20 „En julle het die salwing van die Heilige en weet alles.“

⁹ 1 Pet. 2:5 „...en laat julle ook soos lewendende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus ...“ [1 Pet 2:9] „Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig...“

¹⁰ Matt. 28:19 „...leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.“

¹¹ Heb. 3:5ev „En Moses was wel getrou in sy hele huis as dienaar, om te getuig van wat nog gespreek sou word, maar Christus as Seun oor sy huis. En ons is sy huis as ons net die vrymoedigheid en die roem van die hoop tot die einde toe onwrikbaar vashou. Daarom, soos die Heilige Gees spreek: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie...“

¹² Mark. 9:42 “En elkeen wat van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is beter vir hom as 'n meulsteen om sy nek gehang en hy in die see gegooi word.”

¹³ Matt. 18:10 “Pas op dat julle nie een van hierdie kleintjies verag nie; want Ek sê vir julle dat hulle engele in die hemele altyd die aangesig sien van my Vader wat in die hemele is.”

¹⁴ 1 Kor. 12:4-6

¹⁵ Open. 14:8

God regeer ook ongelowiges

B Luiten

Ek was laas in 'n gesprek gewikkel met 'n aantal verpleegsters. Dit het gegaan oor die beoefening van hul beroep en om God se Naam daarin te bely.

Hulle sien nie veel moontlikhede hiervoor nie. Hulle is tog nie in die hospitaal om te evangeliseer nie? Verbeel jou, hulle sou ook nog in die moeilikheid kon kom by die bestuur van die hospitaal. Nee, dit was hulle Christelike taak om hulle werk goed te doen, betroubaar, sorgsaam en vriendelik te wees. Verder sou hulle ook 'n gepaste afstand moet handhaaf, deur onder andere die pasiënte in die vryheid van hulle eie lewens-oortuiging te laat.

Ek verstaan hulle probleem heeltemal. Ek besef ook dat 'n mens by die eerste skoonmaak van 'n pasiënt nog nie die basis gelê het vir 'n diepgaande gesprek nie.

Maar daar is ook pasiënte wat jy meer gereeld sien, omdat hulle langer bly, baie sorg nodig het of wat

In die kerk het ons baie kommissies.
Sommige help ons om vroegtydige besluite te neem;
ander help vir 'n begrafnis, of om 'n begrafnis deftig te laat lyk.

- K Schilder

ook al. Hulle is dan ook dikwels ernstig siek, maar dit is nie noodwendig altyd so nie. As predikant vind ek ook sulke pasiënte in die hospitaalsale.

Die gedagte dat God óók die lewe van die ongelowiges regeer, speel dan altyd deur my kop (Amos 9:7) en dat dit daarom ook nie toevallig is dat ek op sy weg geplaas is nie. Ek wil ons ontmoeting juis vanaf hierdie kant bekyk.

Ek kan my voorstel dat iemand homself gedurig afvra: 'waarom bring God hierdie persoon, heeltemal ongelowig, na my toe?

Stel u voor: iemand glo nie in God nie en lewe goddeloos. So het daar al baie jare van sy lewe verbygegaan met heelwat onheilighede. Dan kry hy skielik (van God af) 'n geswel in sy maag waarby die ergste gevrees word. Hy word in die hospitaal opgeneem om daar oor sy lewe en toekoms na te dink. Dan ontvang hy daar, uit God se hand, 'n *Christen-verpleegster* langs sy bed. Soewereine bestuur! Wat sal God se doel daarmee wees?

Het die Christen dan in sy situasie genoeg gedoen as hy sy verpleegkundige handeling korrek en vriendelik uitgevoer het? Of het God nog 'n ander verwagting van hom? Ek dink verseker dit is laasgenoemde! Omdat God daardie persoon aan jǒu sorg toevertrou het en ook omdat dit elke dag ons eerste bede is (elke dag opnuut!), dat God sy Naam deur ons bekend sal maak.

Ek sou ook nie kon dink wat die beswaar sou kon wees teen 'n eenvoudige vraag: 'meneer/mevrouw, glo u in God?' en moontlik aangevul met 'Hy sou so baie vir u beteken'.

Watter hospitaal sou so 'n vraagstelling met goeie reg kan en mag verbied? Jy vra tog ook hoe iemand voel? Dit kan oor lewe en dood gaan!

Hierdie gedagtes is nie beperk tot die werk van die verpleegkundige nie. Ek kan my voorstel dat 'n Christen-sielkundige, 'n maatskaplike werker of wie dan ook homself gedurig afvra: "waarom bring God hierdie persoon, heeltemal ongelowig, na my toe?"

Wat is Sy doel daarmee? Wat sal ek as Christen vir hom beteken?" Hierdie vrae laat hulle nie bevredigend beantwoord deur slegs 'n deskundige aanpak te hê nie. Die vraag na persoonlike geloof is op hierdie terreine ook 'n wesenlike saak, met moontlik daarby ook 'n vriendelike appèl.

Stel u voor, 'n magtige direkteur wat God nie ken nie en wat slegs kan dink in syfers voor die komma, kry op 'n goeie dag 'n Christen-boekhouer in sy diens. Hy het nie self daarvoor gekies nie, hy het slegs gevra vir iemand met kwalifikasies, maar *God* beskik dit so in sy besigheid. Wat sou God se plan daarmee wees, wat sou Hy daarmee bedoel? Die direkteur weet nie, maar die boekhouer wel. En so kan ons nog baie voorbeelde gee.

God lei die lewe van die ongelowiges, so plaas Hy hulle soms op ons pad. Elkeen kry daarmee te make, vroeër of later. Dan is dit belangrik dat ons nie die geleentheid onbenut laat verbygaan nie. Jy kan moeilik later sê dat jy iemand laat verlore gaan het, net omdat jy hom nie wou kwets nie.

Calvyn en die inrigting van die kerklike lewe

E Viljoen

Selfs voordat Calvyn hom vir die eerste keer in Geneve gaan vestig het, het die stad 'n besluit geneem om 'n stad te word wat 'n karakter gaan wys wat so Christelik as moontlik is. Die redes daarvoor was nie volledig vanuit die geloof geneem nie. Ook politieke, sosiale en maatskaplike faktore het 'n rol gespeel. Met die oog op politieke strategie en veiligheid, moes die stad vir soveer moontlik 'n eenheid vorm. Met Calvyn se koms in Geneve, word hierdie program nog meer konsekwent ingevul en dan veral vanuit Calvyn se motief om die kerk en samelewing (dikwels nog nie van mekaar onderskei nie), te hervorm om die karakter van die koninkryk van Christus te wys.

'n Christelike lewenstyl

Een van die grootste aspekte van kerklike reformasie wat die heel eerste reformatore van die sestiende eeu moes aanspreek, was kerklike tug en dissipline. Die leer van die regverdiging deur geloof

Daar word op die oomblik in die kerk meer gepraat oor self-ontplooiing as oor self-opoffering

alleen was in die middelpunt van die begin van die reformasie van die kerk. Dit het egter ook tot probleme gelei. Die versoeking om wetteloosheid te bevorder was van die begin af aanwesig waar hierdie leer van verlossing uit genade alleen nie reg verstaan is nie of doelbewus verdraai is. Baie meelopers met die reformasie het gedink dat die regverdiging deur die geloof alleen, enige goeie Christelike lewenstyl en gehoorsaamheid aan die Here, oorbodig maak. Selfs talle van Luther se “volgelinge”, wat bekend gestaan het as die Libertyne, het hierdie denke gepropageer.

Op ‘n heel praktiese vlak, naas die teologiese, het die Lutherane allerlei instellings probeer ontwikkel waardeur behoorlike standaarde vir die Christelike lewenswandel, afgedwing kon word. Luther het dit meestal aan sy volgelinge oorgelaat om dit in plek te kry. Een van hulle, ‘n Reformator in eie reg, Martin Bucer, het die owerheid van Strassbourg probeer oorreed om sulke instellings te skep waardeur tug toegepas kon word. Daarvoor het hy allerlei kerkordes opgestel vir onder andere die stad Ulm, om gedissiplineerde lewens te probeer bevorder.

In die praktyk het meeste tot amper al hierdie pogings onder die Lutherane klaaglik misluk. Die gevolg was dat in meeste Lutherse lande kerklike tug glad nie tot sy reg gekom het nie en uiteindelik oorgelaat is aan die sekulêre owerheid. Hierdie owerheid moes die uitsluitlike verantwoordelikheid vir die aanspreek van mense se lewenstyl aanvaar.

Die “kerkraad” van Geneve

Die eerste noemenswaardig suksesvolle kerklike tug het in die volgende geslag reformatore tot sy reg gekom. Dit gebeur in daardie tak van die reformasie wat baie sterk gevorm is deur Johannes Calvin se geloofsoortuigings. Om te verstaan wat dit in die praktyk behels het, moet ons kennis neem van ‘n belangrike en unieke liggaam wat Calvin uiteindelik in Geneve gevorm en laat funksioneer het. Calvin het as een van sy voorwaardes om terug te keer na Geneve (nadat hy eers uit die stad geban is), begin met die funksionering van ‘n uitgebreide “kerkraad”. Hierdie instelling is later ook grootliks nagevolg in stede en kerke wat deur Calvin beïnvloed is. Dit was Calvin se manier om op ‘n behoorlike manier aandag te gee aan dit wat

vir hom wesenlik gepas het by ‘n kerk van Christus, nl. die behoorlike uitoefening van kerklike tug.

Kort na Calvin se terugkeer na Geneve in 1541, trouens slegs weke daarna, word die eerste vergadering gehou van hierdie vergadering. Hulle het as taak gehad om tug toe te pas en behoorlike Christelike dissipline oor die bevolking van die stad uit te oefen. Die funksionering hiervan word voorgeskryf in een van die eerste kerkordelike dokumente wat Calvin opgestel het.

Hierdie uitgebreide kerkraad (in Engels “Consistory”) was eintlik ‘n komitee van die stadsowerheid van Geneve. Die voorsitter hiervan was een van die stadsbeampes, en die res van die vergadering het bestaan uit die ouderlinge en die predikante van die stad (en selfs van die omringende plattelandse dorpie wat aan Geneve verbind was). Dir is veral deur die funksionering van hierdie “kerkraad” dat Calvin ‘n groot invloed van hom oor die stad laat uitgaan het.

Deur die tug en dissipline van hierdie vergadering het die lewenstyl van die stad dramaties verander. Van ‘n stad wat bekend was vir sy prostitusie, dronkenskap, buite-egtelike kinders en algemene wettelose lewenshouding, het dit verander na ‘n navolgenswaardige voorbeeld vir ander stede en kerke. Nadat die bekende Skotse hervormer Knox Geneve besoek het, rapporteer hy in sy land in gevleuelde woorde oor Geneve se karakter. Hy beskryf dit as die mees volmaakte leerskool van Christus wat daar ooit op die aarde was sedert die apostoliese tydperk. Knox erken dat hy ook op ander plekke die evangelie van Christus verkondig gehoor het, maar ‘n samelewing wat so behoorlik ‘n Christelike karakter gehad het, het hy nêrens anders kon vind nie.

Die “kerkraads”-vergadering het nie net regspraak hanteer nie, maar ook gediens as ‘n vorm van beradingsdiens.

Notules van die vergadering

Notules van die weeklikse vergaderings, beginnende met die tiende vergadering vroeg in 1542, bestaan

Why did God give men “free will”?
Because free will, though it makes evil possible,
is also the only thing that makes possible
any love or godness or joy worth having - CS Lewis

byna volledig. Hierdie notules bevat uitgebreide verslae van die weeklikse vergaderings. Hierdie verslae bevat ook die name van persone wat voor die raad gedaag is vanweë 'n misstap en die gevolglike klag wat teen hulle aanhangig gemaak is. In makliker gevalle is op dieselfde dag nog 'n uitspraak gemaak, maar dikwels het die besinning oor wat wys, goed en regverdig is, weke en selfs tot maande geduur.

Dit is uit hierdie verslae wat ons so ontsettend baie kan leer oor hoe Calvyn gedink het oor sake wat veral kerklike tug aangaan. Die pastorale wysheid en erns waarmee die wydste moontlike spektrum van die lewe aan die orde gestel en hanteer is, kan in menige opsigte dien as model vir kerkrade tot vandag toe. Die vergadering het nie net regspraak hanteer nie, maar ook gedien as 'n vorm van beradingsdiens. Twiste tussen familielede of bure, konflikte tussen besigheidsvennote, huweliksprobleme, verlowings wat verbreek is, openbare opruiende optrede, ongehoorsame kinders, was maar net 'n paar van die sake wat aan die orde gestel is. Die noodsaak (ook vir vandag waarin ons so maklik praat van "mondige" lidmate) van 'n raad wat kan dien met lewenswysheid, voorbeelde en wyse uitsprake spreek duidelik uit die voorbeelde wat ek u graag wil gee in die res van die ruimte tot my beskikking.

om so streng moontlike tug toe te pas nie, maar om geleenthede te soek vir die onderrig in die gesondmakende evangelie

...hoekom sou ons trou?

Calvyn het in groot detail die vraag aangespreek waarom 'n paartjie sou oorweeg om te trou. Hy is hierin glad nie eng besig om die huwelik te beskou as maar net 'n manier om die menslike geslag uit te bou nie. Hy noem onder andere gemeenskaplike liefde, vertroosting, ondersteuning en gemeenskaplike beskerming teen seksuele sondes en versoekings as goeie redes om 'n huwelik te begeer. Hierdie is alles goeie redes vir volwassenes om te trou, tensy hulle oortuig is dat hulle groep is om alleen deur die lewe te gaan en dit ook werklik kan doen, sonder om te sondig.

Vir lank was dit die gebruik dat mense die hulp van kerklike ampsdraers gesoek het in hul pogings om 'n huweliksmaat vir hulself of hul kinders te vind. Calvyn, die "matchmaker", het in sy advies aan ander gesoek wat hy vir homself as uitgangspunt gebruik het toe hy self 'n bruid gesoek het. Vroomheid en beskeidenheid het voorop gestaan. Sosiale, ekonomiese en opvoedkundige verenigbaarheid was verseker deel van sy oorwegings. Skoonheid en verliefdheid het egter weer lae punte by hom behaal. Groot verskille in ouderdom en geloofsoortuigings sou, as dit van Calvyn afgehang het, nie 'n huwelik met belofte wees nie. Calvyn het verder die instemming van beide die ouerpare as baie belangrik geag, en net so belangrik ook die instemming van beide huweliksmaats. Calvyn kon behoorlik kwaad word wanneer ouers hom probeer beïnvloed het om vir 'n huwelik te adviseer waarvan hy nie oortuig was dat dit 'n goeie en wyse oorweging behels nie.

'n Baie goeie vriend van Calvyn, Pierre Viret, was baie deur Calvyn se adviese gehelp in die vind van 'n geskikte huweliksmaat. Aan Viret skryf Calvyn by geleentheid: *"Dit sal die saak bevorder as ek haar mag vra met jou toestemming. Ek het haar al twee maal gesien. Sy is baie beskeie, met 'n uitsonderlike mooi voorkoms en persoonlikheid. Van haar gewoontes praat almal met lof, Jean Parvi het selfs vertel dat hy heeltemal deur haar betower is"*.

Ongelyke juk in die huwelik

Vir Calvyn was dit 'n uitgemaakte saak dat Protestante nie moet trou met Rooms Katolieke, Ortodokses, Jode, Moslems of ongelowiges nie. Sulke huwelike moes ten sterkste ontmoedig word, al kan hulle natuurlik nie gekeer word om tog te trou nie. Persone wat tot Protestantse oortuigings kom en reeds met sulke persone getroud is, moes nie probeer om 'n egskeiding te soek nie.

'n Voorbeeld hiervan is die raad se hantering van Jean Mercier. Mercier was 'n relatief nuwe immigrant in Geneve. Kort nadat hy belydende lidmaat van die kerk geword het, het hy na Avignon gereis. In die Franse stad Avignon, het hy met 'n Roomse vrou getrou in 'n Roomse huwelikeremonie en daarna teruggekeer na Geneve. Die raad het hom hieroor ernstig vermaan

**As dit oor sake van prinsipiële aard gaan,
sal die liefde vir die vrede nie in die pad mag staan
van die stryd vir die waarheid nie**

- K Schilder

en uitgesluit van die Nagmaal. Nadat hy egter berou getoon het, is hy binne enkele maande weer tot die volle gemeenskap van die Nagmaal toegelaat en was daar nie sprake van 'n soeke van 'n opheffing van die huwelik nie.

Al hierdie geleenthede is deur die raad aangegryp, nie om so streng moontlike tug toe te pas nie, maar om geleenthede te soek vir die onderrig in die gesondmakende evangelie. Hoe baie is hier nie te leer vir die kerk van Christus wat in 'n situasie in ons land beland het waar die goeie sig op die huwelik en die christelike lewenstyl in die algemeen grootliks vervaag het! Watter mooi geleenthede om met die evangelie mense te bereik om met God te leef!

Verandering van my lewe

K Sietsma

As God na my toe kom en die leiding in my lewe neem, dan raak dit die mees innerlike van my bestaan. God werk in my hart, in die diepste van my gedagtes. Die Here Jesus praat daarvan dat Hy kom woon by die mens. En Paulus getuig dat Christus in hom leef, en hyself leef nie meer nie. God se leiding is 'n leiding wat in my lewe ingryp, wat my hart beheers en my innerlike gedagtes verander.

God wat die leiding in my lewe neem en my lewe wat verander, is twee sake wat baie nou aan mekaar verbonde is. Die verandering van my lewe is 'n voorwaarde vir die voortgesette lewensleiding. Want God woon en werk nie in die mens wat die sonde liefhet en dit volhardend doen nie.

Tog bring God se lewens-leiding op sy beurt lewens-verandering tot stand, en sit dit ook voort. Want God maak die mens wat Hy wil lei en beheers, gereed vir sy doel. Hy verander hierdie mens sodat hy Hom begin dien en eer.

God stuur Sy Seun om ons lewe te verander en aan ons Sy Lewe te gee. Hy, wat vreemd was in hierdie wêreld van selfsug en selfgenoegsaamheid, het gesê dat ons die koninkryk van die hemele nie kan sien tensy ons van bo af gebore word nie.

So word dan ook duidelik dat daar met verandering van lewe nie bedoel word 'n verbetering, 'n mooimaak, 'n hier-bietjie-wegsny en daar-bietjie-aanplak nie. Daar word bedoel 'n verandering in die wortel, 'n werklike ommeswaai na die ander kant toe. Daar is baie mense wat presies weet hoe om so aan die buitekant te snoei en te verf, dat jy met die eerste oppervlakkige oogopslag 'n redelike hoë dunk van hulle kry.

Daar is ook Christene wat baie slordig is met die snoei en wegkap aan die buitekant, en wat met hulle lewe 'n verwaarloosde indruk skep. Dit neem nie weg dat die eersgenoemde mens geen lewensverandering ondergaan het en met sy hart onbekeerd teenoor God staan nie. En dat die werklik omgekeerde mens, al is sy lewe nie vlekkeloos nie, 'n radikale ander verhouding tot God en dus tot alles gevind het – juis ook in vergelyking met die mens wat die sonde liefhet.

... dat die werklik omgekeerde mens – al is sy lewe nie vlekkeloos nie – 'n radikale ander verhouding tot God en dus tot alles gevind het

Die evangelie vertel nie net dat ek 'n verandering nodig het, wat 'n geboorte genoem word, en dat niemand homself kan laat gebore word nie. Dit verkondig ook, dat die Gees van God, Hy wat hierdie geboorte bewerk, *bestaan* en gegee is. Die Bybel noem daarmee 'n bestaande werklikheid, die vreugde en blydschap van almal wat geleer het om voor die Woord van God te buig.

Iemand se geboorte is nooit binne sy eie mag nie. Die verandering van die lewe is in die eerste plek en in sy wese 'n werk van God se Gees.

My lewe word radikaal verander, my hart word voor God gebuig, my binneste word 'n woonplek vir die Gees van God, my wil word gewillig en my verstand verstaan en my siel begin na God verlang – deur die lees en hoor van die evangelie van Jesus Christus.

Hierdie lewensverandering is 'n wêrklike verandering, wat mense God se kinders maak, en hul lewe verander in 'n lewe wat uit God is en op God gerig is. Dit is 'n lewe wat in die omgang met en in die diens aan God sy grootste vreugde vind.

The purpose of prayer is to find God's will,
and to make that will our prayer

- C Marshall

Eenvoudig Gereformeerd

HJCCJ Wilschut

Eenvoud, geen simplisme

‘Laat ons dit maar eenvoudig hou’. So ‘n uitspraak klink aantreklik. Dit is selfs skriftuurlik. Moenie streef na hoë dinge nie, maar voeg julle by die nederige, sê Paulus in Romeine 12:16. Ek weet, jy kan dit ook vertaal met: bemoei jou met die nederiges. Maar die betekenis verander nie hierdeur nie. Dit gaan steeds oor ‘n oproep tot nederigheid. Moenie uit die hoogte optree nie, bly maar normaal (vgl. Rom. 12:16). Met so ‘n eenvoud is daar niks verkeerd nie.

Maar ‘n mens kan ook die oproep om eenvoudig te bly, verkeerd gebruik. Laat ons dit maar eenvoudig hou, oftewel, laat ons tog veral nie veeleisend wees nie. Laat staan ingewikkelde diskussiepunte. Moenie te diep grawe nie. Hou die dinge eenvoudig.

**Die Bybelse leer roep
– juis deur sy diepe inhoud –
allerhande vrae op**

As dit vir jou ‘eenvoudig gereformeerd’ is, dan neem jy te veel van ‘n kortpad. Eenvoud beteken nie daardie tipe simplisme waarby jy ‘n draai loop om moeilike vrae nie. Die leer van die Skrif het trouens ‘n eie diepgang, wat vra dat daarvoor biddend nagedink word. Die Skrif vra moeilike vrae by die uitlê van konkrete tekste. Maar ook wanneer dit gaan oor die geheel van die Bybelse leer. Petrus skryf dit reeds oor Paulus se onderwys: daarin is verskillende dinge wat moeilik is om te verstaan (2 Pet. 3:16). P.H.R. van Houwelingen teken hierby aan: ‘Ook Paulus se woorde het soms so ‘n geweldige diepgang, dat dit moeilik was om te bevat’ (2 Petrus/Judas. Testament in tweevoud, Kampen 1993, p. 103). Die Bybelse leer roep - juis deur sy diepe inhoud - allerhande vrae op, waarvoor daar onder beroep op die Heilige Gees nagedink mag word. En verseker, dan loop jy jou as mens vas teen jou beperkings. Daar bly verborgenhede waarby jy met jou denke nie kan uitkom nie. En jy moet dit ook nie wil nie. Dit vereis eerbied en ootmoed, Christelike beskeidenheid.

Want met artikel 13 NGB bely jy: ‘Ons is tevrede daarmee dat ons leerlinge van Christus is om slegs te leer ken wat Hy aan ons in sy Woord openbaar, sonder om die grense daarvan te oorskry.’ Calvyn waarsku in sy Institusie ook meer as een keer teen die gevaar van spekulasie, hoe jy dan ‘buite die weg gaan’. Vir ons klein mense bly die lewende God baie maal te groot.

Maar om dit te besef is iets anders as wat jy met ‘n beroep op die eenvoud, belangrike dele van die Bybelse leer buite beskouing laat. Jy bring dan ‘n onaanvaarbare reduksie aan, tot skade van die lewe met die Here. Wanneer jy bewus kies vir die oppervlakkige, dan lê die verskraling van die geloofsluwe op die loer. Eenvoudig gereformeerd, ja. Maar geen simplisme!

Eenvoud, geen dubbelhartigheid

By die woorde ‘eenvoudig gereformeerd’ dink ek liever aan dit wat in die Nuwe Testament ‘eenvoudigheid van hart’ genoem word. So word dit in Handeling 2:46 gesê. Die Christene in Jerusalem het hulle voedsel met blydschap en eenvoudigheid van hart geniet. Soos wat die apostel Paulus later die slawe oproep om hul here gehoorsaam te wees met vrees en bewing, in ‘eenvoudigheid van hart’ (Ef. 6:5; Kol. 3:22). By hierdie eenvoud gaan dit daarvoor om heeltemal op God gerig te wees. Daar is geen gespletenheid in die lewe met God nie. Nee, jy dien die Here met ‘n ongedeelde hart.

Hierdie Bybelse eenvoud staan dus teenoor elke vorm van dubbelheid en dubbelhartigheid. Dit is die manier waarop God self sy gawes gee: eenvoudig (Jak. 1:5). God het nie ‘n verborge agenda wanneer Hy sy gawes gee nie. Hy het geen stille bybedoelings nie. Nee, God gee as ‘n God met ‘n ongedeelde hart. Dit is ‘n aansporing om self ‘n bidder met ‘n ongedeelde hart te wees, nie innerlik teenstrydig nie (Jak. 1:8). Die dubbelhartigheid is presies die teendeel van die Bybelse eenvoud van hart. Dit het te doen met die volledige oorgawe aan die Here. Jy het genoeg aan die Here en aan sy Woord!

Dit is dan ook die besorgdheid wat Paulus het dat die gemeente in Korinte hulle deur dwaalleer van hierdie eenvoud laat vervreem. ‘Ek vrees dat julle

**Ons gawes bepaal nie ons roeping nie,
maar ons roeping bepaal die gebruik van ons gawes**

- P Niemeijer

sinne miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid (eenvoud) teenoor Christus, skryf die apostel (2 Kor. 11:3). Die eenvoud in Christus bewaar ons in die natuurlike en regte leer van die Evangelie, sê Calvyn in sy verklaring van hierdie Skrifwoord. Die sinne word vervals en verdorwe wanneer dit in die allergeeringste sake van die suiwer leer van Christus afwyk (Zendbrievens van Paulus. Romeinen en I-II Corinthe, Goudriaan 1972, tweede druk, p. 409). Hier vind u die eenvoud van die Christelike gemeente: die bruid ken maar net een man en laat geen ander in haar lewe toe nie. Tereg sê H.J. Jager dat hierdie Bybelse eenvoud geen natuurlike nie, maar 'n Christelike eienskap is (Kernwoorde van het Nieuwe Testament II, Amsterdam 1977, tweede druk, p. 10). Dit gaan werklik oor die eenvoud van die *geloof*!

Die leer van Christus

Kan 'n mens Bybelse onderwys oor die eenvoud van hart, die eenvoud in Christus, oordra op gereformeerd-wees? Mag 'n mens 'n 'is-gelyk-aan-teken' sit tussen die Bybelse leer en die gereformeerde leer?

As gereformeerdes het ons die neiging om onmiddellik 'ja' te sê. En net vir die duidelikheid, dit is uiteindelik ook my antwoord. Tog wil ek nie stilswyend aan die bostaande vraag verbygaan nie. Want die gereformeerde leer - sê maar die leer van die gereformeerde belydenisgeskrifte - het nie kant en klaar uit die hemel geval nie. Mense het hierdie leer uit die Bybel afgelees. Daarom bly die onderwys van ons belydenisgeskrifte ook steeds aan die Skrif onderworpe. 'n Mens mag geskrifte van mense, hoe heilig die skrywers ook was, nie op een lyn stel met die goddelike Skrifte nie. Dit sê die gereformeerde belydenis self (art. 7 NGB). Die Skrif is norm op sigself, die kerklike belydenis - en dus die gereformeerde leer - is genormeerde norm, altyd vatbaar vir korreksie vanuit die Skrifte.

Bowendien verraai die gereformeerde leer in allerlei opsigte sy historiese bepaaldheid. In die terminologie, maar ook in die temas. In konkrete omstandighede moet sommige onderdele soms vergroot word. Dink maar aan die uitgebreide behandeling van die sakramente in die Heidel-

bergse Kategismus. Daar is ook sprake van ontwikkeling. 'n Mooi voorbeeld hiervan is hoe die Dordtse Leerreëls 'n nadere uitwerking bied van art. 16 NGB. Om besig te wees met die gereformeerde leer is meer as om maar net die antwoorde van vroeër te memoriseer. Daar mag - ook vandag - oor die gereformeerde leer deur-gedink word. Ook is daar op sekere onderdele reliëf tussen die drie formuliere van enigheid en 'n gereformeerde belydenisgeskrif soos die Westminster Konfessie. Hiermee wil ek maar net sê: jy kan nie die gereformeerde leer sonder meer met die leer van Christus in die Skrifte vereenselwig nie. Nie sonder erkenning van alle menslike faktore wat in die formulering van hierdie leer 'n rol gespeel het nie. In die naam 'gereformeerde' is onmiskenbaar 'n historiese element!

Eenvoudig gereformeerde begin by die ondubbelsinnige aanvaarding en handhawing van die gereformeerde belydenis

Daarom het die gereformeerde kerke in Nederland - en dit sal in Suid-Afrika nie anders wees nie, neem ek aan - ook nooit 'n streng woordelike binding aan sy belydenisgeskrifte geëis nie. In die ondertekeningformulier van Dordrecht 1618/19 is instemming gevra met '*alle artikels en dele van die leer in die Belydenis en Kategismus van die Gereformeerde Kerke ...*, soos in alles met God se Woord ooreenstemmende. In Dordt (1618/19) is volstrek nie gedink aan 'n eed van trou op die volmaaktheid van elke segswyse nie (Vgl. J.R. Wiskerke, *De strijd om de sleutel der kennis*, 1978, p. 55). Maar dit is nie 'n vrybrief om jouself vryblywend teenoor die belydenis op te stel nie. Hierdie saaklike binding hou geen inhoudelike beperking in nie! Instemming word gevra met alle stukke van die leer omdat dit in alles met die Skrif ooreenstem.

Op daardie punt van die ooreenstemming mag daar seer sekerlik 'n 'is-gelyk-aan-teken' gesit word tussen die leer van Christus en die gereformeerde leer. Die gereformeerde leer gee 'n stem aan die leer van Christus, spreek daardie leer gehoorsaam na. Gereformeerde is dan ook meer as net 'n historiese aanduiding. Deur die ooreenstemming

Geloof benodig die Woord soveel soos wat 'n vrug
die lewende wortel van 'n boom benodig

- J Calvin

met die leer van Christus mag die gereformeerde leer geld as outentiek-Bybels. En hier hoor u nou die prinsipiële gelaaide woord 'gereformeerde'. Die gereformeerde leer bied geen eie leer nie. Maar dit spreek die leer van Christus na, die eeuouevangelie. Was Abraham gereformeerde?, vra H.J.J. Feenstra (Woord en wereld nr. 4, Ermelo 1987). Nie in historiese sin nie. Prinsipiële - wat die wese betref, in die kern van die saak, soos Feenstra sê (p. 8) - wel. Al het Abraham nog glad nie soveel van die Evangelie geweet soos ons nie. En tog. In een van die uitgawes van die Statenvertaling is 'n baie sprekende sierletter met 'n tekening van Adam, wat vir Kain en Abel voorlees uit ... die Heidelbergse Kategismus. Die geloof van die gereformeerde kerk is die geloof van die kerk van alle eeue!

Eenvoud in die praktyk

Eenvoudig gereformeerde wees. Wat hou dit in vir die kerklike praktyk? Ek wil probeer om 'n rigting aan te wys, sonder dat ek pretendeer om volledig te wees.

1. Om te begin is eenvoudig gereformeerde wees: om sonder reserwes trou te wees aan die gereformeerde - die gesond-Bybelse - leer, soos dit vasgelê is in die gereformeerde belydenisgeskrifte. Nie om daarmee die voortgang in die denke oor die gereformeerde leer te frustreer nie. Wel om daardie voortgaande nadenke te normeer.

Dit het te doen met prinsipiële kontinuiteit in geloof en denke, wanneer jy na eietydse antwoorde soek.

Eenvoudig gereformeerde begin by die ondubbelsinnige aanvaarding en handhawing van die gereformeerde belydenis, juis omdat jy by die leer van Christus, die leer van die Skrif, wil bly. En dan uiteraard nie alleen in die formele sin nie. Wat ons bely, sal ons beleef in die omgang met die Here. En dit dan in 'eenvoud van hart'. Sonder dat ons koketteer (eng: "flirt") met dwaalleer. Of dit nou gaan oor dwaalleer van 'links' (uit die rigting van 'n modernistiese teologie, beheers deur Skrifkritiek en eietydse hermeneutiese konsepte)

of van 'regs' (die insigte vanuit die evangeliese beweging). Op hierdie afstand kan ek moeilik beoordeel van watter kant die grootste gevaar vir eenvoudig gereformeerde in Suid-Afrika kom. Beide gevare is ewe reëel en blyk hul aantrekkingskrag op gereformeerde kerkmense - en nie die minste op kerkjeug nie! - uit te oefen. Hier help alleen 'n hartlike (ja, dit het met jou hart te make!) verworteling in die leer van Christus. Dit gaan dus nie oor 'n steriele konserwatisme nie, waarby jy eindeloos antwoorde van gister op die vrae van vandag repeteer. Dit het wel te doen met prinsipiële kontinuiteit in geloof en denke, wanneer jy na eietydse antwoorde soek.

2. Daarom - in die verlengde van die vorige - sal ons met mekaar daaraan moet werk dat die gereformeerde leer geken word, met hoof en hart. Hoe beperk is die kennis van die gereformeerde leer soms! Hoe weinig word daar ook soms gelees! Wanneer daar gesê word dat ons die huidige 'leerdiens' (met die klassieke Kategismuspraak) maar kan afskaf, omdat die kennispeil vandag baie hoër is en ons oor ander kennismiddels beskik as in die Reformasietyd, dan moet ons weer dink. Is die kennispeil - wanneer dit gaan oor die Bybelse leer - wel so hoog? En in hoeverre word nuwe kennismiddele en kennismetodes ook daadwerklik gebruik? Dit is nie moontlik om met 'n ongedeelde hart besig te wees met die leer van Christus, sonder om intens besig te wees met die leer, nie. Om te bly by die ken van die Here - dit gaan tog juis oor Hom in die leer?! Daarom wil ons ook in die geloofskennis groei, deur die krag van die Heilige Gees.

3. Eenvoudig gereformeerde wees beteken ook ten volle gerig wees op die enigste wat nodig is. Eenvoud van hart het te doen met ongedeelde oorgawe aan die Here en sy diens. Daar is 'n wedloop om te loop, wat al jou krag en aandag vra. Om te jaag na die volmaaktheid in Christus, die prys van die roeping van God, wat van bo is, in Christus Jesus (Fil. 3:12v). En ook om jou kragte in te span om ander aan te spoor om die wedloop te loop. In die laaste dae sal ons die Evangelie uitdra, roep tot bekering en geloof in die Here. Dan kom daar ook 'n goeie balans in die dinge wat ons aandag vra. Om na te dink oor allerhande intern-kerklike dinge (liedbundel, liturgie, ens.) is op sigself 'n sinvolle

Verwondering is die basis van die erediens

saak. Maar iets loop verkeerd, wanneer hierdie soort sake ons meeste aandag en energie in die kerk gaan opeis. Om Christus te ken en sy Naam in hierdie wêreld te bely moet voorrang hê. En hou.

4. Juis ten aansien van die liturgie moet ons nadink oor eenvoudig gereformeerd-wees. Liturgie in die gereformeerde tradisie word gekenmerk deur groot soberheid. Dit hoef allermens ten koste te gaan van die insette vir 'n verantwoorde liturgie. Hoe het iemand soos Calvyn nie hiervan blyk gegee nie! Die wat meer hieroor wil weet, moet veral die boekie van dr. T. Brien 'n slag lees: *Calvijn en de kerkdienst*, Heerenveen 1999. Ook A. Kuyper het homself nie onbetuig gelaat met sy *Onze eeredienst* (Kampen 1911), om maar net nog 'n keer 'n grootsheid uit ons gereformeerde verlede te noem. Maar telkens tref die soberheid. En die versigtigheid vir vormdiens en ritualisme. Die Woord mag nie begrawe word deur allerhande liturgiese besighede nie.

5. Ten slotte, eenvoudig gereformeerd-wees kom ook voort uit die ondubbelsinnige nakom van die kerklike afspraak. Soms kan die Bybelse woord 'eenvoud' verwissel word met 'opregtheid'. Ja moet ja wees, sê ons Heiland. Dit laat geen ruimte vir dubbelhartigheid nie, ook nie deur jouself gemaklik af te maak van kerklike afspraak en kerkordelike reëls nie. Dit is nie 'n pleidooi vir versterkte formalisme nie. Kerklike reëls wil geestelik toegepas word. Maar dit is iets anders as wat jy jouself allerhande vryhede veroorloof, waarby jy in feite jou eie gang gaan. Ook in hierdie opsig sal ons eg wees, outentiek. So vertoon jy die beeld van jou Heer. En dien jy die onderlinge vrede in die kerk van hierdie Heer!

GB-Nuus

Hierdie maand wil ons graag vir AROS (Aksie Reformatoriese Opleiding en Studies) welkom heet by die Gereformeerde Biblioteek. Ons is baie dankbaar dat ons van nou af ook vir hulle van diens kan wees. Behalwe die publieke deel van die Biblioteek, het ons vir hulle ook 'n eie "kamer" in die Biblioteek gegee. Hier voorsien ons aan die studente hul voorgeskrewe materiaal, asook ander materiaal wat gerig is op die studente se verdere

studies. Ons hoop dat dit alles van groot waarde sal wees in hul bekwaming om eendag hul Godgegewe roeping as onderwysers te vervul. Hoe nodig het ons land weer goeie gereformeerde onderwysers!

Verder het ons die afgelope maand redelik tyd en energie gebruik om die prosesse waardeur die artikels moet gaan, te verfyn. Deel hiervan is ook maar weer die nodige aandag aan die toerusting en programme wat ons gebruik. Ons dank die Here dat Hy nog altyd in al hierdie dinge bly voorsien het, soms ook baie onverwags.

In ons verwerking van prof. Floor se materiaal het ons gesien dat hy 'n paar mooi series oor onderwerpe geskryf het. So byvoorbeeld 'n serie oor die Heilige Gees in my persoonlike lewe (reeds beskikbaar), oor die gawes van die Gees (reeds beskikbaar) en oor die oordenking van die toekomstige lewe (binnekort beskikbaar).

Ons is nog steeds dringend op soek na mense wat ons sou kon help met proeflees (geen taalkundige kennis nodig), asook iemand wat kan help met blad-uitleg (tydskrif en nuusbriewe). Klein dingetjies kan 'n groot verskil maak in die verspreiding van Gereformeerde materiaal!

'n Volk bely sy skuld (Nehemia 9)

C van den Berg

Kort situasieskets

Nehemia 8 eindig met 'n groot fees: daar heers baie groot vreugde (Neh. 8:18). Daar is fees omdat dit die Here se wil is. Hulle was aan die begin nie eintlik in die stemming daarvoor nie, hulle was baie meer in 'n rou-stemming. Met trane in die oë het hul gestaan en ellendig gevoel toe hulle die Skriflesing gehoor het. Hulle het vuil gevoel as gevolg van hul sondes. Dan is jy nie in 'n feesstemming nie!

Tog het dit verander in 'n fees. As die Here dit graag so wil hê, dan hou jy fees. Dan droog jy jou trane en geniet jouself. Jy vat toeters en klokke en maak 'n groepsdans op die Loofhuttefees. Jy dink aan Hom en aan wat Hy vir jou gedoen het. Dit is so mooi en so baie! As jy daaraan begin dink, word jy meegesleur. Dan word dit 'n mooi fees. Maar dit het tog met trane begin, met 'n rou-stemming, omdat hulle so sleg gevoel het oor hul sondes. Daarvoor

The essence of idolatry is the entertainment of thoughts
about God that are unworthy of Him

- A Tozer

moet daar ook ruimte en aandag wees. Dit moet ook sy plek kry, sy eie plek. Hoofstuk 9 handel daaroor.

'n Lang gebed (vers 5-37)

Vanaf vers 5-37 lees jy één lang gebed. Vir jou gevoel 'n baie lang gebed. 'n Mens sê nie gou dat 'n gebed in die Bybel te lank is nie. Maar intussentyd het jy miskien wel jou eie gedagtes daaroor: 'n gebed van meer as dertig verse!

In hierdie Bybelboek kom ons wel uiterstes teë. Ons lees ook oor 'n skietgebedjie, soos ons dit noem. As Nehemia naamlik met 'n treurige gesig voor sy koning staan en sy probleme openbaar, dan bid Nehemia baie gou – 'n gebed van 'n paar woorde en niks meer nie (Neh. 2:4).

Maar nou is dit 'n gebed met baie woorde. Dit kan ook! Hoekom sou jy nie lank met die Here mag praat nie? As jy as mense onder mekaar is, kan jy ook baie lank praat. Ken ons nog lang gebede? Of is ons besig om dit te verleer?

Natuurlik moet lang gebede deur niemand verheerlik word, slegs omdat hulle lank is nie. Tog moet daar ook plek wees vir sulke gebede. Weeg die gebed in Nehemia 8 bietjie en laat dit goed tot jou deurdring. Ons kan daarvan leer vir ons eie gebede.

In diep rou (vers 1)

Hierdie gebed is regtig gebid. Ons weet nog presies op watter dag dit was. Op die 24^{ste}, net na die Loofhuttefees. Daardie fees was van die 15^{de} tot en met die 22^{ste}. Die gebed was dus 'n paar dae daarna.

Die Israëliete is weer bymekaar. Hulle is in diep rou gedompel. Dit kan aan alles gesien word: Hulle laat hul eet- en drinkgoed staan, spesiale klere word daarvoor aangetrek, hulle het hande vol grond geneem en oor hul koppe gestrooi. Hulle wys duidelik wat in hul harte aangaan.

Ons gee nie so uiting aan ons gevoelens nie. Ons ken nie rougebare en rouklere nie, of skaars. Jy loop nie met jou gevoelens te koop nie. Jou tranes steek jy weg. Sommige mense dink miskien dat tranes 'n teken van swakheid is. Jy wys tog nie dat jy swak is nie, verseker nie 'n man nie. In hierdie opsig is dit 'n groot sprong vir ons om die mense in Jerusalem te verstaan. Daar bymekaar, sonder kos

en drinkgoed, in rouklere en met rougebare.

Hartseer oor sonde (vers 2)

Waarom rou hulle? Vers 2 sê: "... en belydenis gedoen van hulle sondes en die ongeregthede van hulle vaders."

Is hulle slegs besig om te bid? Nee, dit gaan saam met die lees uit die Skrif. Vers 3 noem dat die Bybel eers geopen word. Nie slegs vir 'n paar verse nie, maar weer vir 'n paar hoofstukke. Daar staan dat hulle vir 'n 4^{de} deel van die dag uit die Skrif lees. Dit is so 3 ure lank! Daarna bid hulle, bely hul skuld. Ook 'n 4^{de} deel van die dag. Ook dit neem 3 ure! Hulle het dus nog meer gebed as wat in vers 5-37 geskryf staan!

'n Skuldbelydenis wat begin met 'n lofprysing! (vers 5-6)

Die Leviëte gaan voor in die diens. Hulle staan op 'n verhoging en roep hard tot die HERE. Hulle roep almal op om deel te neem en Jahwe te prys. Die gebed begin daarmee: "loof die HERE julle God van ewigheid tot in ewigheid! En laat hulle u heerlike Naam loof wat bo alle lof en prys verhewe is!"

'n Verrassende begin! Hulle is byeen vir 'n rou-samekoms: asof dit oor 'n dooie gaan. Dit geld ook by sonde: jy verdien die dood. Dit begin so: met 'n lofprysing! Die naam van die HERE word geprys: dit kom eerste ... wat ook al die omstandighede is. Om God te prys word nie beperk tot mooi dae nie. Op moeilike dae is die HERE ook daar. Hy is dan ook dieselfde soos altyd. Hy is elke dag en in alle omstandighede God. "U is alleen die HERE, Ú het die hemel, die hoogste hemel en al sy leërskaars, gemaak." (vers 6)

Die hemelkoepel bo ons hoofde vertel van Hom. Die grond waarop ons loop, vertel van Hom. Die lug wat ons in- en uitasem kom van Hom af. Alles getuig van Hom. Alles wys hoe groot Hy is. Ons eie lewe en ook alles om ons. Ons is hier danksy Hom. Ons is hier vír Hom.

Dit mag dan ook gehoor word, dit moet duidelik wees. Alles wat asem het, moet die Here loof! Dit moet gebeur by God in die hemel en by ons op die aarde. Die lofprysing mag geen enkele dag ontbreek nie. Dit is essensiël vir die gebed, ook tydens 'n

Christenskap sonder dissipelskap
is altyd Christenskap sonder Christus

- D Bonhoeffer

rou-samekoms. Die gebed kan begin fokus op jou eie lewe: die dinge wat gerig is op jouself. Maar elkeen wat bid, moet hom tot God rig. Jy is daar vir Hom. Jy is daar om Hom te eer. Nie slegs as jy fees hou nie, maar ook as jy rou.

Die geskiedenis in die gebed (vers 7)

In hierdie gebed hoor jy baie oor die verlede. Dit lyk amper soos 'n geskiedenisles. Dit begin by Abram: deur God uitverkies en uit Ur gelei (vers 7). Dit volg met Israel in Egipte, die redding uit die slawehuis en die ontsnapping deur watermure heen. Ook die reis deur die woestyn. Oppad onderrig deur lesse by die berg van God. Versorg met kos wat uit die hemel gereën het. 'n Lang reis deur weer en wind, en dan word hulle nie moeg nie en slyt hul klere en skoene ook nie. Totdat hulle voor die beloofde land staan.

Die geskiedenis met die twaalf verspieders kry ook aandag. Die intog in Kanaän natuurlik ook, alle volke moet uit om plek te maak vir Israel. 'n Pragtige land val net so in hul skote. Die rigtertyd word genoem, ens. ens. die hele verlede tot hul huidige tyd.

Bid u ook soms so? Ons ken dit mos nie, of nouliks. Ons gaan nie deur die geskiedenis in ons gebede nie. As ons dit doen, dan in elk geval nie so breedvoerig nie. Geskiedenis is vir ons minder belangrik. Die hier en nou is vir ons baie belangriker, nie gister nie, maar vandag.

Noem God se daade in die gebed!

Nog iets oor 'geskiedenis in die gebed'. 'n Mens kry verskillende soorte geskiedenis. Algemene geskiedenis. Vaderlandse geskiedenis. Laasgenoemde bring ons al nader aan waar ons wil wees. Ons het gewoonlik meer aandag vir ons eie vaderland. Ons is meer betrokke daarby en dit is iets vir onself.

In die gebed gaan dit oor heilsgeskiedenis! Oor ons redding en oor hoe God dit presies gedoen het. Sy verlossende daade hoor ons eerste. Elkeen wat God wil prys en dank moet sy daade noem, één na die ander. Ons kan daarvan lees in God se geskiedenisboeke – van Genesis met Adam, Eksodus met die groot uittoeg, ens.

Noem God se daade. As u dit nie in u gebed doen nie, is u son klaargepraat en staan u al son met 'n

mond vol tande. Dan verleer u om te bid.

“Loof die HERE, roep sy Naam aan ...

spreek van al sy wonders.” (Psalm 105:1, 2)

In ons gebed moet ons dit ook doen. Nie om gebede uit te rek nie, maar om hulle 'n ryk inhoud te gee. Ons moet ook nog 'n treetjie verder gaan in die geskiedenis van die heil. Ons mag God se groot daade in die Here Jesus noem. Noem in die gebed:

- Sy oorwinning oor die mag van die sonde op Golgota;
- Sy oorwinning oor die mag van die dood met Paasfees;
- Sy troonsbestyging in God se paleis;
- en Sy aanval op die wêreld deur die werking van die Gees.

Ek dink ook aan wonderlike momente in die kerkgeskiedenis daarna. Noem God se daade en prys só Sy naam. As u hulle nie noem nie, verdwyn hulle uit u lewe uit. Dan word u lewe deur ander dinge gevul in plaas van deur Hom. En om God se daade te noem, moet u hulle ken. Hulle moet jou eie word, sodat hulle jou lewe vul en tipeer.

Israel se kwaad teenoor God se goed (vers 16v.)

Noem God se daade en prys só Sy naam! Die skuldbelydenis begin daarmee. Dan kom staan daar iets baie leliks daarteenoor. Teenoor God se skitterende daade die lelike, vuil daade van mense. Nogals van God se eie volk. Dit is hartseer bladsye in God se geskiedenisboeke. Ons moet hulle ook lees en leer. Ons hoor ook die mense se daade in die gebed. Dit is die tweede deel van die skuldbelydenis.

Vers 16: *ons vaders, het vermetel gehandel en hulle nek verhard en nie na u gebooue geluister nie;*

Vers 17: *hulle het geweier om te luister en nie gedink aan u wonders wat U by hulle gedoen het nie; maar hulle het hul nek verhard en in hul wederstrewigheid 'n hoof aangestel om terug te gaan na hulle slawerny.*

Vers 18: *groot, afskuwelike dinge gedoen het (...)* met die goue kalf by die berg van God.

So het dit tydens die woestynreis gegaan van Egipte af na Kanaän toe.

En toe hulle eenmaal in Kanaän was?

Vers 26: *hulle het wederstrewig en opstandig geword teen U en u wet agter hulle rug gewerp; en u profete wat hulle gewaarsku het, om hulle na U*

Die geskiedenis-van-sending
is die geskiedenis-van-beantwoorde-gebede

- SM Zwemer

om hulle na U terug te bring, het hulle gedood en groot, afskuwelike dinge gedoen.

Dit is die rigtertyd! Dit het steeds so bly gaan in daardie periode.

Vers 28: sodra hulle rus gehad het, het hulle weer kwaad gedoen voor u aangesig,

Vers 29: hulle het vermetel gehandel en nie geluister na u gebooi nie, en teen u verordeninge, daarteen het hulle gesondig hulle het 'n wederstrewige skouer gegee en hulle nek verhard en nie geluister nie.

Dieselfde beeld word die hele tyd gebruik. Totdat God 'n einde daaraan maak met die ballingskap. Dit is swart bladsye in die geskiedenisboeke. Skuld word bely. Daar word ook bely dat die straf wat daarop gevolg het, verdiend was.

Vers 33: U is regverdig in alles at oor ons gekom het; want U het getrou gehandel, maar ons het goddeloos gehandel;

Vers 34: en ons konings, ons owerstes, ons priesters en ons vaders het u wet nie volbring en na u gebooi en u getuienisse waarmee U hulle gewaarsku het, nie geluister nie.

Ondanks al die goeie dinge wat van God af kom, gedra hulle hul so sleg. Teenoor God se skitterende daade pleeg hulle sulke wandade: 'n skreiende teenstelling.

Belydenis van ou skuld (vers 33)

Die mense van ná die ballingskap bely skulde uit die eeue daarvoor en sê: *ons* het goddeloos gehandel. Voel u self skuldig oor die dinge wat u voorouers verkeerd gedoen het? Hier bely mense hulle eie skuld, terwyl dit gaan oor daade van baie generasies vóór hulle: *ons* het goddeloos gehandel! Ons!

Ken ons dit? Gaan ons ook sover as ons skuld bely? Of bly ons vashaak by ons eie lewe sonder om verder te kyk? Laasgenoemde is gewoonlik van toepassing. Ons ondervind moeite met individualisme: elkeen vir homself ... laat elkeen sy eie probleme hanteer.

Maar ons staan nie op onself nie. Ons is deel van 'n volk. Dan moet ons nie net na vandag kyk nie, maar ook na vroeër. Ons moet leer om gemeenskaplik te dink as volk van God.

As Suid-Afrikaners doen ons dit mos ook. As een van ons sportspanne gewen het teen 'n ander land, dan het óns gewen! Daar het jy ook daardie ons-gevoel: ons Suid-Afrikaners! Ek maak weer 'n sprong van ons-Suid-Afrikaners na ons-volk van God. Dan wat betref die skuld. Ons het toe gesondig. Ons is één van hulle. Ons moet leer om die dinge so te belewe en te verwerk en ook so leer bid.

Die Here is 'n God van vergewing (vers 17)

Jy leer jouself slegs sien in die lig van God. Teenoor alles wat God vir jou gedoen het, steek dit wat jy self gedoen het, skerp af.

God was so goed. En ons? Die vroeëre generasies en nou s'n? Weeg bietjie die woorde: misdadig handel, hardnekkig, eiewillig, wandade. Ons is so en het so gehandel.

Wat maak ons met hierdie skuld?

Daar is slegs één ding: gee jou oor aan God. Lewer jouself uit as 'n verlore mens. Dan kan jy 'n reuse groot wonder belewe. Die wonder waar jy nie kry wat jy verdien nie, maar jy word gespaar. En nog meer. Die wonder dat jy 'n nuwe lewe begin kry. 'n Hele nuwe begin. Jy beleef die wonder dat God 'n baie besondere God is. Vers 17: *'n God van vergewing, genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid.*

Nie net vir één keer of vir één dag nie. Gelukkig nie. Anders het ons geen uitsig gehad nie. Maar môre is Hy dieselfde: 'n genadige God en barmhartig. Dit is woorde wat vanaf Eksodus 34:6 gereeld gehoor word in die Bybel (bv. Ps. 86:15 en 103:8).

Na die nagmerrie van die ballingskap weer 'n nuwe begin. Vers 31: *In u grote barmhartigheid het U hulle nie volkome vernietig en hulle nie verlaat nie, want U is 'n genadige en barmhartige God.*

Genade is 'n wonder

Genade! Daarvan het hulle toe gelewe en lewe ons nou nog van.

Maar wie weet nou presies wat genade is?

Ons proe eers werklik die genade as ons, eerlik gesê, nie meer daarop staatmaak nie. Nou nogsteeds genade? Na dit wat ons alles gedoen het? Na die soveelste mislukking? God is heeltemal reg van sy

**Die bepalende faktor van my lewe is nie meer my verlede nie.
Die bepalende faktor is Christus se verlede.**

- Sinclair Ferguson

kant af as Hy ons in ons ellende agterlaat. Dit is reg. Dus ons kan dit verwag. Vers 33: *U is regverdig in alles wat oor ons gekom het.*

Belewe ons die dinge nog so? Of het dit vir ons 'n gewoonte geword? Het genade vanselfsprekend geword? God is nie gewoon nie en Hy sal dit nooit word nie. Hy is so verrassend; verrassend genadig en barmhartig. En môre glinster sy genade ewe skitterend, want môre is Hy weer so.

Dit gee moed en vrymoedigheid. Om weer te klop en opnuut te smee om genade. As jy na jouself kyk, hoef jy nêrens meer op te reken nie. As jy na God kyk, mag jy op alles reken. Wanneer ons na Hom kyk, verwag ons altyd te min. Want Hy gee meer as wat ons verwag het. As God dit herstel, herstel Hy dit volledig. God is so en Hy bly so. Hy het dit ook belowe en homself daaraan verbind. In vers 32 hoor ons die woord 'verbond'. Dit is jou houvas: Hy het dit aan jou toegesê en Hy hou Hom daaraan. Wat dit ook al kos. God het Sy woorde met bloed beseël. Ons lewe vandag in 'n verbond 'in Christus se bloed'. Anders gesê: gebasseer op Sy offer.

Slawe smeek (vers 36-37)

Jy sou sê dat ons weer iets begin beteken agter veilige mure. Maar jy hoor wel iets heeltemal anders. Aan die einde van Nehemia 9 staan die arme sondaars. Die bouers van die nuwe Jerusalem staan met leë hande: *Ons is vandag slawe.*

Slawe in hul eie land. Hulle kan nie oor hulleself en oor wat hulle het, beskik nie. Die gebed eindig met: "ons is in 'n groot benoudheid". So bid God se volk reg na 'n groot fees.

Ek weet nie hoe u na God toe gaan en u sondes bely nie. As u nooit u sondes noem nie, kan dit maklik 'n gewoonte-plig word: dit hoort daarby, maar dit het nie meer inhoud nie.

Moenie slegs leer om God se dade te noem en te prys nie; maar leer ook om u eie misdade te noem. Slegs so kan daar groei kom. So kom daar meer bewondering vir wie die God van alle genade is.

In geloof kan ek sê dat ek genees word deur my siekte,
verryk word deur my armoede
en gesterk word deur my swakheid